MUNISIPALITEIT DAWID KRUIPER MUNICIPALITY

POLICY 011/2017 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: **VERVANGING EN HERSTEL VAN VOORAFVERVAARDIGDE ELEKTRIESE DISTRIBUSIE PANELE ("READY BOARDS") IN HUISE VAN HULPBEHOEWENDE VERBRUIKERS**

REFERENCE/VERWYSING: **16.2.5.B**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **13.7/04/2017** DATE/DATUM: **25 April 2017**

BELEIDSOOGMERK: Om die vervanging en herstel van voorafvervaardigde elektriese distribusie panele in die huise van hulpbehoewende verbruikers in die Raad se elektrisiteitsverspreidingsgebied te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad wil verseker dat hulpbehoewende verbruikers in die Raad se Elektrisiteit verspreidingsgebied elektrisiteit op 'n veilige wyse in hul huise kan gebruik.

RIGLYNE

1. Foutiewe voorafvervaardigde elektriese distribusie panele moet aan die Afdeling Elektriese Dienste gerapporteer word.

2. Foutiewe voorafvervaardigde elektriese distribusie panele in die huise van persone wat op die hulpbehoewende register geregistreer is moet vervang word of tot 'n veilige toestand herstel word.

3. Die herstelwerk wat gedoen word moet voldoende wees om die voorafvervaardigde elektriese distribusie panele veilig te maak vir gebruik en moet aan toepaslike wetgewing voldoen.

4. Voorafvervaardigde elektriese distribusie panele wat met opset beskadig is moet nie op Raadskoste herstel word nie.

5. Voorsiening moet op die bedryfsbegroting gemaak word vir die herstel van voorafvervaardigde elektriese distribusie panele.

PROSEDURE

Die volgende stappe moet gevolg word om die beleid toe te pas:

1. Die Afdeling Elektriese Dienste moet 'n register hou van foutiewe voorafvervaardigde elektriese distribusie panele wat gerapporteer word.

2 Die Afdeling Elektriese Dienste moet vasstel of die bewoner van die adres waar die foutiewe voorafvervaardigde elektriese distribusie paneel is, op die Raad se hulpbehoewende register geregistreer is. Indien die persoon geregistreer is, moet die voorafvervaardigde distribusie paneel herstel word. Persone wat nie op die Raad se hulpbehoewende register geregistreer is nie, moet ingelig word dat hulle self vir die herstel van die paneel verantwoordelik is.

3 Die Afdeling Elektriese Dienste moet die voorafvervaardigde distribusie paneel ondersoek om te bepaal watter herstelwerk benodig word en reël dat die herstelwerk deur ‘n geregistreerde elektriese kontrakteur, wat ‘n Sertifikaat van Nakoming in terme van die Elektriese Installasie Regulasies van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993) kan uitreik, gedoen word.

4 Indien tydens die ondersoek bevind word dat die voorafvervaardigde elektriese distribusie paneel met opset beskadig is en onveilig is om te gebruik, moet die krag na die huis afgeskakel word totdat die inwoner dit self tot ‘n veilige toestand laat herstel het deur ‘n persoon wat geregistreer is om ‘n Sertifikaat van Nakoming vir die werk uit te reik.

5 Die Afdeling Elektriese Dienste moet jaarliks op die bedryfsbegroting vooorsiening maak vir die herstel van voorafvervaardigde elektriese distribusie panele.

ROLLE
Afdeling Elektriese Dienste
Direktoraat Finansiële Dienste

VERWANTE BELEID
Indigent Management Policy

HERROEPING/WYSIGING
Dat alle vorige besluite in hierdie verband herroep word.